# HERWAARDERING VAN A. KUYPER SE BYDRAE TOT DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIE NOODSAAKLIK

Vir die bepaling van die stand en vir 'n gesonde uitbouing van die gereformeerde Teologie in Suid-Afrika, het 'n herwaardering van die teologiese arbeid van Abraham Kuyper noodsaaklik geword. Omdat ons in Suid-Afrika vir 'n groot deel vry gebly het van die leergedinge in Nederland, waarin, soos ons weet, die gedagtegange van Kuyper in belangrike mate 'n rol gespeel het, en omdat ons enigsins op 'n afstand staan, behoort ons te kan bydra tot 'n nugtere perspektief op die ontwikkeling van die gereformeerde Teologie deur onsself rekenskap te gee van die teologiese arbeid van Kuyper.

Met opset spreek ek van die „teologiese arbeid" of die „bydrae tot die gereformeerde Teologie" van Kuyper eerder as van die meer gangbare „Teologie van Kuyper". Laasgenoemde sluit Kuyper van die geskiedenis af, besien hom as 'n alleenstaande figuur en gaan van die gedagte van 'n afgeronde geheel uit, wat m.i. nooit in die bedoeling van Kuyper gelê het nie en ook nie wesenlik in sy teologiese arbeid na vore kom nie.

Hoewel Kuyper sinds ongeveer 1870 tot in die veertiger jare van die twintigste eeu dié belangrike figuur was in die gereformeerde Teologie, is dit opmerklik dat in die jare na die tweede Wêreldoorlog in steeds minder mate na Kuyper verwys word. Met sy geniale insigte en geweldige produktiwiteit, het hy die Teologie begiftig met 'n enorme skriftelike nalatenskap, maar ons hoor daar so te sê nooit meer iets van nie. Vir my is dit vreemd. In my teologiese opleiding het ek te doen gekry met aan die een kant sterk afkeer teen Kuyper (in die dogmatiekklasse by wyle dr. C. J. H. de Wet) en aan die ander kant sterk aanhang van Kuyper (in die Homiletiek, Ensiklopedie, Liturgiek en later Dogmatiek by wyle dr. J. D. du Toit). Aangesien die laasgenoemde vir my vorming en die akademiese afronding daarvan die swaarste geweeg het, is ek miskien in die posisie om in alle eenvoud en dommigheid te kan oordeel, dat oor die teologiese werk van Kuyper in ons gereformeerde kringe die gordyn geval het, sonder dat ek kon bespeur dat 'n toneel ten einde geloop het. Dit is m.i. opmerklik en bevreemdend veral omdat (a) mens in die prediking en leerstellige spraakgebruik van die ouer en middeljarige geslag tog 'n baie sterk Kuyper invloed bemerk; (b) die dogmatiekaantekeninge van die vyftigerjare sterk op Kuyper georiënteer is, en (c) uitsprake in ons optrede as Calviniste deurspek is met „Kuyperianismes". Ondanks hierdie opvallende verskynsels, is dit tog onder ons gangbaar om Kuyper allerlei etikette om te hang (skolasties, negentiende-eeus, skematies, kaderteoloog, swak of geen of verkeerde Skrifbewys, selfs dialekties ens.) om hom verder te ignoreer. Iemand het selfs die opmerking gemaak: „Jy is kaffer as jy Kuyper praat"[1].

Ek meen reg te hê as ek beweer dat in ons kringe besonderlik die dogmatiese denke inhoudelik redelik Kuypers is, terwyl dit formeel anti- of op sy minste neutraal-Kuypers is. En tog was daar, vir sover ek weet, nog geen behoorlike afrekening t.o.v. Kuyper in ons kringe nie. Hierdie toedrag van sake kan vir ons bydrae tot die ontwikkeling van die Teologie groot gevare inhou, veral omdat dit enersyds wetenskaplik onverantwoord en enigsins oneerlik is, en andersyds nie anders kan nie as om 'n verarmende uitwerking op ons denke te hê. En in die agterkop bly knaend die vraag: Rus die verdwyning van Kuyper agter die gordyn voor die afloop van die toneel moontlik nie op emosionele argumente of onkunde of napratery of 'n be-

geerte om by die Nederlandse troebele verby te stoom, daar nie al te diep in betrokke te raak of ons daar geen rekenskap van te gee nie?

Ek wil 'n poging aanwend om hierdie vrae te beantwoord met behulp en aan die hand van uitsprake van 'n aantal deskundiges, om so die noodsaaklikheid van 'n herwaardering van Kuyper se bydrae tot die gereformeerde Teologie aan te toon.

A. D. R. Polman skrywe in 1959: „Ons volk leest zijn geschriften niet meer. Hier en daar mag er nog een enkele zijn, die ze bestudeerd, maar dit is tog een exceptie geworden. Alleen de omvang en de stijl zijn voor de meesten reeds oorzaak om ze ongelezen te laten. Zelfs moet eerlijk erkend worden, dat onder de Gereformeerde Theologen weinigen nog serieus met Kuyper rekenen". Hy noem drie redes vir hierdie toedrag van sake, nl.: 1) die tyd vir grondige eksegese het Kuyper blykbaar ontbreek. Dit hinder die teoloog wat op hoogte is van die vlug wat die Skrifeksegese na Kuyper se dood geneem het. 2) Hy beweer dat Kuyper „blijkbaar nimmer het structureel verschil heeft gezien tussen de Theologie van Calvijn en die van de Ned. Geref. theologen tussen 1619 en 1750". Kuyper het hom meer op die 17de eeuse Teologie georiënteer as aan Calvyn, iets wat vir sý tyd verklaarbaar en verstaanbaar was, maar 'n beperking meegebring het wat aan die waarlik reformatoriese karakter van die Teologie afbreuk gedoen het. „Had Kuyper met zijn grote theologische gaven zich geheel op Calvijn georiënteerd en vanuit deze reformatorische opzet verder gewerkt, dan zou zijn invloed ook vandaag nog onder de Gereformeerde theologen groot gewees zijn". 3) As derde rede gee Polman aan 'n spekulatiewe idealistiese beklemtoning van die Teologie wat in ons tyd — „met een geheel ander wereld en tegenover totaal andere fronten" — die aansluiting met Kuyper bemoeilik. Hy sê verder: „Wij hebben getracht iets van de oorzaken en redenene weer te geven, waardoor Kuyper voor vele Gereformeerde theologen van vandaag bijna een vergeten figuur geworden is. Wij betreuren dit, omdat ondanks de genoemde gebreken in Kuypers theologie vele schatten verborgen liggen, die nu veelal verborgen blijven"[2].

Die bewering van Polman dat min gereformeerde teoloë nog met Kuyper rekening hou, is 'n bietjie oorhaastig. Blaai maar die Dogmatische Studiën van Berkouwer deur; by hom is, soms bladsye lank, bespreking, simpatieke erkenning en instemming en selfs af en toe verdediging en verhelderende interpretasie van Kuyper se werke. Miskien is B. Wielenga se behandeling van die Heidelbergse Kategismus, waarin hy wel deeglik kennis neem van Kuyper se E Voto en hom soms op die voet volg[3] bietjie oud, maar dan is W. H. Velema se opmerking in sy gedeë werk oor die pneumatologie van Kuyper tog sekerlik kersvers: „De diskussie over Kuypers theologie is nog niet rijp om beëindigd te worden"[4]. Ek sou hierdie lys met verskillende name en werke kon uitbrei om aan te toon dat teoloë in Nederland tog nog wel, en dit serieus, rekening hou met Kuyper. Liewer wil ek nader ingaan op die redes wat deur Polman aangevoer word vir sy bewering, veral op die kwessie van „spekulatiewe idealisme" en dat Kuyper hom meer op die 17de eeuse teoloë georiënteer het as dat hy by Calvyn aangesluit het. Hieroor spreek ook E. G. van Teylingen in sy „Tussentijdse Balans": Hy wys op die vernuwende studie van die eksegese wat 'n kragtige stimulans was vir besinning in die Teologie, maar die groot opskudding „in ons theologisch wereldje dat zich vrijwel op Kuyper en Bavinck had vastgezet" het tog van die kant van die sistematici gekom. „In de Gereformeerde

theologische wereld was men gewend aan de strijd met modernen en ethischen, waarby dan vooral nadruk werd gelegd op de Schriftkritiek, terwijl de wapens werden ontleend niet zozeer aan de reformatoren als aan de na-reformatorische orthodoxie en scholastiek". De opkomende dialektiese Teologie en die nuwere wysbegeerte het juis die lig laat val op die gebrekkige strydmiddels. „Kuyper en Bavinck waren niet meer de onbestreden autoriteiten. En dat terwijl juist in de nieuwe situatie een reeks nieuwe problemen zich opdrong, vanuit een sterke internationalisering van het theologisch „bedrijf", vanuit het fascinerende existentialistische mensbeeld, vanuit de oecumenische beweging en vanuit de natuurwetenschappen, problemen die om een antwoord beginnen te roepen dat binnen de oude kaders niet te vinde was"[18].

K. Dijk reageer op hierdie diagnose van van Teylingen: „. . . de koersverandering in dogmatische opzicht, niet in minste inzake het gezag van de Heilige Schrift, wordt tegenwoordig zó verklaard, dat de ouderen meer gedacht en gestudeerde en gepubliceerd hebben in „de oude scholastieke kaders" en in de ban van de „traditionele" gereformeerde leerstelligheid, en de „jongeren", de dogmatici van nu teruggekeerd zijn tot de Schrift, die Schrift opnieuw hebben onderzocht, de openbaring Gods gelovig op zich hebben laten inwerken, en daardoor tot andere resultaten gekomen zijn. Deze situatie-tekening vind ik nogal aanvechtbaar, en deze critiek op het verleden is m.i. niet billijk Neen, ik beweer niet, dat in vroegere en *latere* tijden de gereformeerde theologie altijd vrij is gebleven van een scholastische methode en een te enge systematische binding . . . Maar dat de grenslijn tussen de theologen van voor deze decenniën en na die tijd zo zou lopen, dat de eersten (ik druk mij met opzet wat scherp uit) „slaven" waren van de traditie en de laatsten „vrijen" door het vernieuwde Schriftonderzoek, acht ik onjuist, en is m.i. een visie, die aan het verleden onrecht doet. Men kan van oordeel zijn, dat de „oude" een onjuiste verklaring van de Schrift gaven, en de exegeten van nu de juiste zin der boodschap gevonden habben, het zij zo, al is dit m.i. niet bewezen, maar dit oordeel geeft geen recht tot het poneren van de tegenstelling: meer-traditionele-positie of scholastieke binding én vooral vanuit de Schrift. Kuyper Sr., hij moge, zoals men beweert, de Hegeliaanse invloed niet geheel ontkomen zijn (dit was 'n bewering van J. J. van der Schuit wat reeds in 1925 deur K. Schilder grondig ontsenu is), heeft steeds geworsteld om (ik denk aan zijn College-Dictaten-Dogmatiek) zijn composities op de Schrift te gronden en uit dezelfde Schrift op te bouwen. . . . Nu kan er verschil van uitlegging wezen en intraconfessionele geschillen zullen er altijd blijven . . . doch het is m.i. niet toelaatbaar om aan de ene opvatting een plaats te geven in de „gelukkig-gebroken scholastiek" en de andere met blijdschap toe te schrijven aan een vernieuwd, heroriënterend Schriftonderzoek"[19]. Ek het enigsins breed aangehaal en sal dit later weer moet doen, omdat hier die kern van ons probleem aangeraak word.

Dit is profytlik om na 'n paar stemme van ongeveer dertig jaar terug te luister, dus voor die tyd van die „deurbreking van die kaders en die bevryding van die outoriteit van Kuyper in die Teologie". Ek kies opsetlik manne wat na die dertiger jare leiersfigure geword het in Vrygemaakte kringe, omdat hulle die kreet van „skolastiek" die eerste aangehef het (of mag ons sê oorgeneem het van die Hervormde bestryders van Kuyper in die begin van die eeu?), voordat dit soos 'n refrein gaan klink het by teoloë uit Gereformeerde kringe.

In 1937 skrywe C. Veenhof dat dit jammer is dat nog so min oor die Teologie van Kuyper geskrywe is, maar eindelik het daar dan tog 'n dissertasie verskyn wat egter na die mening van Veenhof Kuyper allermins reg laat toekom. Hy sê dan in die algemeen: „De studie van Dr. Kuyper's leven en vooral van zijn ideeën en beschouwingen stelt enorm zware eischen. Daar is allereerst de ontzaglijke omvang van zijn schriftelijke nalatenschap ... En wat ten slotte het voornaamste is: Kuyper, de volle, veelzijdige Kuyper rijst als een domtoren op uit het vlakke land der gewone menschen en gewone geleerden"[6]. Aangesien Veenhof nie die enigste is wat van enorme eise spreek by die studie van Kuyper, en aangesien almal dit eens is dat Kuyper se skriftelike nalatenskap ontsaglike omvang het, kom die vraag onwillekeurig na vore of die verdwyning van Kuyper nie iets te doen het met gerieflikheidsoorweginge nie. Veenhof spreek elders daaroor sy verwondering uit: „Het moet verwondering wekken, dat deze uiterst belangrijke uiteenzettingen (d.i. Kuyper se groot reeks artikels oor die prediking) geheel in het vergeetboek zijn geraakt". Hy kla daaroor dat prof. T. Hoekstra in sy „Gereformeerde Homiletiek" nagenoeg niks het nie oor die ryk Kuyperiaanse materiaal. „Wanneer men naar voortgaande reformatie jaagt, mag Kuyper niet worden voorbijgegaan. Daarvoor is wat hij schreef te mooi en te belangrijk. En die aansluiting aan Kuyper moet zelfs bewust en opzettelijk zijn ... Maar critiek op enkele beweringen doet niets af van het feit, dat het overgroote deel van zijn uiteenzettingen verrassend zuiver en dus van de allergrootste betekenis is. Vooral in de door vele misverstanden verwarde en verwarrende situasie, waarin de Kerk thans verkeerd, verdient Kuyper dringend gehoor ... Het zal dan blijken dat hij de velen, die zich tot op den huidigen dag grondig verstrikt hebben in een onvruchtbare dilemmatiek, reeds voor vijftig jaar met groote klaarheid de waarheid toonde"[7].

Opmerklik is ook uit hierdie jaar en 'n gedeelte van 1938 'n skerp en soms persoonlik heftige polemiek tussen K. Schilder en V. Hepp oor die „gemeene gratie", die verbondsleer en daarmee in verband die doop en die wedergeboorte. Schilder skrywe onder die opskrif „Prof. Hepps misverstanden inzake algemeene genade", terwyl Hepp skrywe in die „Heraut" en etlike brosjures die lig laat sien onder die hooftitel „Dreigende Deformatie". In die 4de brosjure het Hepp die bewering gemaak dat Schilder ongereformeerd is en afwyk van die geref. teoloë uit die bloeityd, deur te beweer dat die werkverbond monopleuries in sy ontstaan en dipleuries in sy bestaan is. „De Gereformeerde dogmatiek kende *slechts* een werkverbond, dat van het begin tot het einde eenzijdig was, d.w.z. van God alleen uitging . . . Wie het werkverbond, al is het dan ook in zijn bestaan en voortbestaan, tweezijdig maakt, haalt onzuivere lucht binnen"[8]. Met skerp woorde verset Schilder hom teen hierdie aantygings en haal m.i. heeltemal korrek *Kuyper* aan om te bewys dat hy die gereformeerde spoor nie verlaat het nie. So laat Schilder hom juis deur Kuyper verdedig om te toon dat Hepp, die groot Kuyperkenner, die spoor byster is[9]!

Interessant hierby is die nugtere opmerking van J. V. Coetzee in „Die Kerkblad": „Ons het altyd gemeen dat dit juis gereformeerd is om dit (die dipleuriese karakter van die verbond) te aanvaar en ongereformeerd om dit te verwerp (te beweer dat die verbond monopleuries is)"[10].

Eweneens in dié tyd was daar die kwessie oor die sogenaamde „nieuwe kerkrecht", 'n rigting wat in 'n dissertasie van M. Bouwman na vore gekom

het t.a.v. die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge. S. Greydanus was besig met 'n reeks polemiese artikels oor „Het wezen der meerdere kerklijke vergaderingen volgens Voetius"[11]. Min of meer gelyktydig verskyn daar uit die pen van C. Veenhof 'n reeks oor „Dr. A. Kuyper sr. over de bevoegdheid der meerdere vergaderingen"[12]. Hy sê in die algemeen: „Het is zeker noodig ook naar de stem van deze groote op kerkrechtelijk gebied te luisteren. Dr. Kuyper heeft een heirleger artikelen over kerkrechtelijke onderwerpen gegeven in zijn „Heraut" . . . De grondgedachten van het gereformeerd kerkrecht heeft hij er bij zijn medestrijders ingehamerd"[13]. Hy haal Kuyper breedvoerig aan uit sy geskrifte om aan te toon hoedat hy stryd gevoer het teen die kerkreg van die Hervormde Kerk, die ireniese rigting, die Roomse en ook dié van die Christelik Gereformeerde Kerk en hoe nou hy aansluit by Voetius en veral *Calvyn*. „Hij is er altijd op uit aan te toonen, dat wat hij en alle Gereformeerden willen, niets anders is dan de herleving, de vernieuwing van de praktijk der Reformatoren. Zij immers hebben in Gods Woord de juiste grondlijnen van het Gereformeerde Kerkrecht ontdekt en daarnaar hun kerkelijke organisatie en kerkelijk verband ingericht. Daarom vinden wij in „De Heraut" meermalen boeiende schetsen over de kerkelijke strijd der oude Gereformeerde Kerken. Dr. Kuyper geeft bv. een meesterlijke teekening van het Convent te Wezel van 1568 en de eerste Synode der Nederlandsche kerken gehouden in 1571 te Emden"[14]. Die „Tractaat van de Reformatie der Kerken" van Kuyper word ook uitvoerig aangehaal.

Ook oor dié artikels van Greijdanus en Veenhof het ds. J. V. Coetzee in „Die Kerkblad" opmerkinge gemaak. „Uit sy boek (die dissertasie van M. Bouwman) is duidelik dat sommige kringe in Nederland besig is om die Voetius-interpretasie van wyle dr. F. L. Rutgers — daardie groot Voetiuskenner — prys te gee op sekere punte en dit so voor te stel dat Rutgers (en hy kon hier, soos dit in die artikels van Greijdanus en Veenhof na vore kom, ook Kuyper se naam bygevoeg het), wat in die stryd teen die sinodale hiërargie van die Nederlands Hervormde Kerk op kerkregtelike gebied die voorvegter was, independentistiese neigings gehad het omdat hy die outonomie van die plaaslike kerk so sterk geaksentueer het"[15].

Hierdie polemieke in die dertiger jare bied nie aangename leesstof nie. Tog werp dit op insiggewende wyse lig op ons onderwerp. Greijdanus en Veenhof stel in daardie jare inderdaad perspektief; soos aangetoon, twyfel hulle nie daaraan nie dat Kuyper hom besonderlik aangesluit het by Calvyn. Daarenteë doen Schilder se predestinasieleer, wat hy ontwikkel t.o. Kuyper e.a., my vreemd en onsimpatiek aan. Tog moet ons toegee dat van hierdie kant in daardie jare aan Kuyper se werk reg en erkenning laat toekom is. Mens kom daar nie van weg nie dat veral Veenhof en Greijdanus Kuyper meer reg laat wedervaar het as Hepp, m.i. omdat hulle juis kritieser gestaan het, en *dat hulle Kuyper gesien het as 'n uiters belangrike skakel in die gereformeerde Teologie vanaf Calvyn.* By my bly die sterk indruk dat in dié tyd enersyds Kuyper na reg krities gewaardeer is, dat andersyds invloedryke manne Kuyper begin loslaat het en dat in die veertiger jare, by die een woord op die ander, Kuyper in die beskuldigde bank te staan gekom het en die dupe, om dit so uit te druk, van die hele stryd geword het. Langs dié weg is hy naderhand deur „almal" geheel losgelaat, amper wou ek sê soos 'n warm patat. Dit laat mens beter begryp waarom van skolasties in ongunstige sin gespreek word; dit is miskien inderdaad 'n gemaklike doodldoener!

Dit is ook reeds in 1943[16] en weer in 1948[17] deur J. V. Coetzee raakgesien in sy twee polemiese geskrifte teen prof. S. P. Engelbrecht. (Uit 'n gevoel van piëteit teenoor wyle ds. Coetzee, by wie ek in my studentejare en ook later geweldig baie geleer het, wil ek hier tussen hakies sê dat dit m.i. 'n groot jammerte is dat hierdie begaafde man nie geleentheid gehad het om rustig te spesialiseer in die dogmatiek en die kerkreg nie. Hy was in velerlei opsig in kennis en insig sy tydgenote ver vooruit en het soos niemand anders in ons kring, die teologiese en kerklike implikasies van die stryd in Nederland in die dertiger jare geweeg en begryp nie.) Prof. Engelbrecht het geskrywe oor Kuyper e.a. as „Neo-Calviniste" en „Gereformeerde Skolastici" in ongunstige sin, nl. as sou Kuyper e.a. van die ou gereformeerde lyn afgewyk het. J. V. Coetzee vra homself af wat Engelbrecht „met die lieftallige benaming bedoel"[18] en kom tot die konklusie dat dit „in die mond van prof. Engelbrecht 'n term is met 'n onbepaalde ongunstige betekenis, netsoos die skelwoord „doppers" in die mond van ander mense"[19]. Hy sê verder van die skolastiek, en dit is vir ons tema baie belangrik: „Nou weet ek wel dat die Skolastiek homself later in allerlei spitsvondighede en onsinnighede verloop het, maar dit neem nie weg dat die Skolastiek groot dienste bewys het aan die ontwikkeling van die toelogie. Die Skolastiek is na verdienste getugtig in later eeue, maar nie na verdienste gewaardeer nie. Baie critici wat die staf oor die Skolastiek gebreek het, het die fout begaan om die kind saam met die badwater buite te gooi . . . Teologie en kerk sou daar baat by vind as baie teoloë en sielsorgers, deur toepassing van die skolastiese metode, sou leer om minder verward te dink by die behandeling van geloofswaarhede en mensesiele"[20]. Hy beveel dit Engelbrecht ook baie sterk aan om beter te leer onderskei, beter te leer en begripsverwarring te voorkom. Coetzee toon ook aan waar Engelbrecht aan die benaming „Scolastici" kom, nl. uit die kring van die etiese en moderniste, bestryders van Kuyper. Is die etikettering van Kuyper in die moderne tyd nie miskien 'n ou refrein wat opgeneem word nie en sou daar miskien moderne ekumeniese motiewe agter skuil om Kuyper as 'n lastige steen des aanstoots uit die weg te kry nie?

Ds. Coetzee doen voorts baie moeite, en ons kan hom daarvoor dankbaar wees, om aan te toon dat Kuyper hom in sy beskouinge oor Skrif en belydenis voeg by die reformators en die ou Geref. Kerke. Dit loon die moeite om hierdie sitate te lees en ek wil die volgende daarby voeg: S. Greijdanus: God het Kuyper „. . . zoo doen komen tot het inzicht van, en het geloof aan, het onwankelbare van Gods Woord, de Helige Schrift, en dat van de daarop rustende Gereformeerde Belijdenis". Hy kon „den strijd aanvangen en voortzetten tegen ongeloof en dwaling, en fier de banier van de Gereformeerde Confessie ontplooien op het gebied van kerk en school of wetenschap, om Gods Woord daarop heerschappij te doen hebben"[21]. A. Kuyper: „Noem u naar niemand, boeleer niet met een enkele fractie, en steek zelf zonder de minste pretensie de oude, wettige, nog nooit afgeschafte historische kokarde op, met haar sterksprekende veelzeggende kleur! Wees wat gij zijt, zijt naar afkomst, Doop en Belijdenis. Wees *Gereformeerd*, breng het oude wapenschild uwer geestelike familie weer in eere"[22]. „Ene kerk zonder belijdenis is een ridder zonder blazoen, een vloot zonder wimpel, een karakterlooze vereeniging, die niet weet of niet zeggen durft wat zij wil. Een Belijdenis wensch ik dus, en die Belijdenis scherp geformuleerd . . . Een Belijdenis die haarfijn alles omschreef en codificeerde? . . . dat is de dood, dat is het werpen van een twistappel in de Gemeente, dat is letter-

zifterij kweken en aftrekken van de heilige dienste onze Gods. Neen, een Belijdenis bevatte niets dan datgene, waarvan men voor God betuigen kan, dat het afdoet ter zaligheid. Toch niet, om, is de Belijdenis eenmaal uitgesproken, ze voortaan onveranderd als wet te doen blijven. Er is in elke Belijdenis te onderscheiden tusschen de zaak die men belijdt en den vorm, waarin de beledene wordt uitgedrukt. Onveranderlijk blijve alleen het eerste, al het overige wissele naar mate God de Gemeente het inzicht, de gedachte en het Woord geeft. Slechts beginne men nooit van meet af, maar belijde zijn geloof steeds op de historische lijn, d.i. in aansluiting aan de Belijdenis der vaderen, maar die zoo mogelijk beter uitgedrukt, Schriftmatiger bepleit, scherper ook tegen de ketterij ook onzer dagen gehandhaafd, en zóó uitgesproken, dat ze ons eigen geslacht een Woord op de lippe legge, dat naar onze behoeften ons het scherpgewette zwaard reikt, om in den geestelijken tegenstand waaraan wij ten prooi zijn, met vaste hope en blijmoedig geloof pal te staan voor onze Heer. Dát en dát alleen, is Gereformeerd, reformata reformanda"[23]. In sy „Calvinisme en Revisie" sit Kuyper teoreties uiteen hoe die Gereformeerde Kerke kan oorgaan tot revisie van sy simbole. Daar moet vasgehou word aan die geskiedenis, die lyn van die belydenis en die Calvinistiese beginsels, die rykere ontplooiing moet heeltemal algemeen in die kerke deurgedring het, die Calvinistiese Teologie moet genoegsame vordering gemaak het om die kerke in so 'n revisie te kan dien en by die buitelandse Gereformeerde Kerk moet gelyke oortuiging wees sodat tot gelyke resultate gekom kan word[24]. In die voorwoord tot E Voto sê Kuyper dat die buitelandse geleerdes wat op die Sinode van Dordtrecht van 1618-19 teenwoordig was, bevind het dat die leer van die Nederlandse Kerke niks bevat het wat strydig was met die Skrif, maar in alles ooreengestem het met die Skrif en verder met die konfessies van ander Gereformeerde kerke „accordeerde"; hulle bede was dat die Geref. Kerke in Nederland dit onvervals mag bewaar tot die wederkoms van Christus. „Ik kan", sê Kuyper, „onder geen woorden het gevoel van dankbaarheid brengen, in mij gewekt door de vastheid waarmee ik nu nog, met heilige vreugde in mijn God, belijden mag, wat men toen beleed"[25]. Sulke taal hoor ons graag en sulke uitsprake oor die belydenis onderskryf ons graag. Hoe anders klink dit as wat ons deesdae dikwels verneem. Van Teylingen, byvoorbeeld, spreek oor die heilsame verbreking van kaders en van die outoriteit van Kuyper, wat meebring dat, soos hy diagnoseer, „op deze wijse enkele krasse formuleringen in de Dordtse Leerregels er niet zonder kleerscheuren afkomen"[26]. Verder mis die artikels van prof. D. Nauta in „Centraal Weekblad" ook duidelikheid en gerigtheid, sodat hy telkens melding moet maak van meningsverskille en misverstande en uiteindelik tot 'n meer helder formulering kom wat feitlik ooreenstem met wat Kuyper daaroor gesê het[27].

Ons keer terug tot die argumente i.s. die skolastiek. Die ou ds. Gispen het op 'n keer in 'n kerkblad geskrywe dat Kuyper eers met argwaan bejeën is en sy gereformeerd-wees in twyfel getrek is; maar na enige tyd is juis ontdek dat Kuyper Skrifuurlike gedagtes propageer. „En zoo is het voorwaar niet te verwonderen dat nu in onze dagen door vele als een nuwe leer wordt veroordeeld, wat toch zoo oud is als de reformatie zelve". Kuyper het Gispen se gedagtes van die volgende onderskrif voorsien: „metterdaad, al de moeilijkheid ligt in het feit, dat we van à Marck tans weer op Calvijn en op onze martelaren teruggaan", terwyl C. Veenhof op sy beurt 'n voetnotatjie daarby maak: „Het is zeer belangrijk, want ook nu is de agtergrond van de theologische geschillen de worsteling van de reformatorische ge-

dachten tegen de verwording ervan door die scholastiek uit de na-reformatorische dagen"[28].

Dit is belangrik vir die onderwerp, dat een en ander gesê word oor Kuyper se leer van die „Gemene Gratie". Dit is bekend hoe juis hierdie werk en uitbouing daarvan in De Heraut en in sy bekende lesinge oor die Calvinisme, in die sgn. teologiese krisisjare in Nederland die grofgeskut van kritici moes verduur. Niemand minder nie as H. Bavinck sê daarvan in 1894 by die oordrag van die rektoraat van die Kamperse Teologiese Skool: „dat de gereformeerde leer der algemene genade 1) in de Heilige Schrift is gegrond, 2) in Rome's stelsel geen plaats vindt, 3) door de reformatie, bepaald door Calvijn is ontdeckt, en 4) voor ons nog heden ten dage van de grootste betekenis is"[29]. En nou Herman Ridderbos in 1966: Hy gee enkele kritiese opmerkinge oor 'n belangrike dissertasie van J. Douma, getitel „Algemene Genade": *„Toch ervaart men het als een bevrijding en verfrissing* (ek kon nie help om onder hierdie woorde 'n dik streep te trek nie), in dit boek weer de wijdere verbanden te zien, waarin theologen als Calvijn, Kuyper en ook Schilder de betekenis van het Woord Gods hebben getracht te verstaan. Want welke critiek men op hen moge hebben, zij zijn niet bij de mens blijven staan, maar hebben geleerd het evangelie en het geloof als een alles-omvattende zaak te zien. En wanneer dat ons zou gaan ontbreken en de geweldige bijbelse omraming van schepping en voleinding aan ons geloof niet meer mede zijn inhoud en gestalte zou geven, dan zou voor mijn bezef het Christen-zijn op een onherkenbare wijze gedevalueerd en van zijn waarlik op God gerichte inhoud beroofd zijn. Zoo leert in ieder geval de Schrift ons leven en zo hebben degenen, die de *gereformeerde* religie gestempeld hebben, het ons ook steeds weer geleerd ... Zij hebben de ware godsdienst niet enkel gezocht in de aandacht, die de (vrome) mens voor zichzelf en eigen geestelijke ontplooiing dient te hebben, maar altijd weer gewezen hebben naar wat Paulus de lengte en breedte, de hoogte en diepte noemt van hetgeen God ons in Christus heeft geschonken". Ridderbos gaan voort om een-en-ander op te merk oor wat Douma van Kuyper se „gemene gratie" sê: „Volgens Douma is Kuypers leer van de algemene genade onaanvaardbaar, omdat zij verkeerd gericht is, nl. niet op het *heil* en op de *kennis van God*, maar op de cultuur ... Hoe denkt dr. Douma klaar te komen met het geweldige verschijnzel van de menselijke ontwikkeling en cultuur ontplooiing, als wij daarin niet ook een vrucht mogen zien van Gods algemene genade? Ik weet dat de Schrift over de „ontluiking" (zo Kuyper) bijzonder weinig in opzettelijke uitspraken zegt. Maar *is* zij er niet"[30]. Dit gaan hier om een van die groter werke van Kuyper — en van Herman Ridderbos se wetenskaplike onbevangenheid en integriteit is ons bewus!

Eindelik sou dit onverantwoord wees om nie ook te verwys nie na Kuyper se beskouinge oor die uitverkiesing en genadeverbond, die wedergeboorte en die doop. Kuyper het, soos bekend is, juis in hierdie dele van sy teologiese arbeid die meeste en skerpste kritiek ontvang van die kant van die Hervormdes, Christelik Gereformeerdes, Vrygemaaktes en ook die Gereformeerdes. Sy profetiese en forse optrede het baie teoloë geirriteer en niemand sal ook wil beweer dat hy geen foute gemaak het nie. Dr. E. Smilde het oor hierdie sake 'n uitnemende werk die lig laat sien, nl. „Een Eeuw van Strijd over Verbond en Doop". Hy sê daarin tereg van Kuyper dat hy alleen in sy lewenswerk reg verstaan en gewaardeer kan word as hy gesien word as reformator. Kuyper kenskets self sy strewe soos volg in sy

voorwoord op „Tractaat van de Reformatie der Kerken": „Werd mij het voorrecht geschonken, om door een bescheiden deel arbeids de historisch-Calvinistische traditiën hier te lande weer eenigermate, én bij ons volk, én bij onze godgeleerden, én bij onze staatslieden te verlevendigen . . ."[31]. In hierdie woorde, sê Smilde, het ons Kuyper voluit en geheel. „Hij wilde het moderne leven reformeeren in den geest van het historisch Calvinisme . . . Niet minder is het van toepassing in de sfeer der *theologie* . . . Dat Kuyper de pionier is van de herleefde Gereformeerde theologie in ons vaderland valt moeilijk te loochenen. Ook Bavinck heeft dit rondweg erkend"[32]. Om Kuyper reg te laat wedervaar in sy leer oor die verbond en doop is nodig: 1) ons moet nagaan op welke *misstande* hy hom op dié punt rig en die *dwalinge* wat hy bestry. Hy is universele teoloog en lê hom daarom nie vas op een bepaalde gedagtelyn nie, maar besien die verskillende sye van die waarheid. Hy is polemies aangelê en stry daarom op verskillende fronte. Hy word wel steeds beheers deur een grondgedagte, die soewereiniteit van God, maar die beligting van 'n bepaalde waarheid is verskillend na gelang van die aard van die omstandighede[33]. 2) In die tweede plek is dit nodig om die *Skrifbewys*, waarmee Kuyper opereer, na te gaan. Smilde wys tereg op die verskil tussen Kuyper en Bavinck in hul metode, wat dikwels die indruk wek dat Bavinck hom veel nader aan die Skrif aansluit as Kuyper. Hy waarsku daarteen dat ons nie van Kuyper moet gaan dink dat hy daarom die Skrif nie laat spreek en daar nie na wil luister nie. Hy gee bewyse en konkludeer: „Er blijkt o.i. uit, dat Kuyper in zijn dogmatischen arbeid allereerst Schrifttheoloog wilde zijn"[34]. 3) Derdens moet Kuyper se standpunt oor die konfessie en die formuliere (liturgiese) vasgestel word. Hieroor het ek reeds hierbo aangetoon hoedat Kuyper hom steeds korrek en Skriftuurlik op die konfessie beroep en hom daaraan onderwerp. 4) Laastens moet nagegaan word Kuyper se beroep op die geskiedenis van kerk en dogma. Dit blyk, volgens Smilde, dat Kuyper wel deeglik die hand aan die verlede hou. „Zijn beschouwing over de „natuurlijke Godskennis" fundeerd hij op Calvijn, Voetius, Vitringa, á Brakel en á Marck. Calvijn heefd hem geleerd de *kerk* als *moeder* van de kinderen Gods voor te stellen en dat de „genade particulier is". In E Voto beroept hij zich herhaaldelijk en met grooten nadruk op Calvijn"[35]. Dat Kuyper hier ook foute gemaak het, betwis niemand nie; dit blyk ook uit aanvullinge en korreksies waar nodig of tal van punte deur H. Bavinck.

Belangrik, nugter, oorwoë en insiggewend is Smilde se opmerkinge oor die kritiek op Kuyper se sogenaamde *skolastiek*. „Uit ons overzicht kunnen wij dit concludeeren, dat vrienden én bestrijders erkennen den invloed der scholastiek en van Scholten's speculatie. Maar de vraag is nu juist: hoe ver gaat deze inwerking? Raakt zij alleen den vorm of ook den inhoud? Kan worden aangetoond, dat Schriftuurlijke en reformatorische gedachte op deze wijze zijn verdonkerd? Is met de kenschetzing scholatisch of speculatief heel zijn standpunt reeds veroordeeld? Het is tog overbekend, dat het beroep op genoemde invloeden vaak niet meer dan een dooddoener is. Als aangetoond is verwantschap tussen Kuyper's leer der wedergeboorte en die van Voetius en Maccovius, dan schijnt de zaak beslist! De schuld van de verdachte „is wettig en overtuigend bewezen". Verdere argumenten schijnen overbodig! Wat heeft men in de 19de eeuw vaak gesold met dat argument. De nieuwere theologie heefd om die reden kortweg verworpen wat de kerk leerde omtrent de drieëenheid, de eeuwige Godheid van Christus, de uitverkiezing, de wedergeboorte enz. Zij overschreed daarmee immers de gren-

zen van ons menschelijk denken en ervaren. Zij maakte zich schuldig aan scholastiek en speculatie. Dat moet ons reeds voorzichtig maken in onze beoordeling van Kuyper. Als bewezen is, dat zijn betoogtrant scholastisch is, zijn wij daarmee nog niet van de zaak af. Wij mogen hier met het badwater de kind niet wegwerpen"[36].

Kuyper het homself ook rekenskap gegee oor die probleem waaroor dit destyds en vandag nog gaan. Hy bind die stryd aan teen die Biblisiste wat hul verset teen die kerklike belydenis en teen dogmatiese formuleringe; dit is onnuttige spekulasies en daarom moet alleen op die Bybel teruggepryp word. En hy wis ook dat sy kritici Calvyn dikwels uitgespeel het teen die latere gereformeerde teoloë. In die verband sê hy in E Voto oor die bestryding van die triniteitsleer: „Het is toch ganschelijk niet waar, als zou de kerk des Nieuwen Verbonds geen andere roeping hebben, dan om de naakte Schriftwoorden eenvoudig na te spreken. Naspreken is geen geestelijke arbeid, en wel verre van zijn kerk tot zulk een werktuiglijk naspreken van klanken te roepen, gaf de Heere Jezus haar veeleer de gewichtige taak, om den inhoud der Heilige Schrift op te nemen in het menschelijk bewustzijn; in dat bewustzijn met de leugen die er tegenover bestaat te worstelen; en als vrucht van deze worsteling tot een zoodanige Belijdenis van het goddelijke mysterie te geraken, dat ze als uit ons menschelijk bewustzijn wierd teruggegeven; en wel teruggegeven in zulk een taal en zulke bewoordingen, als, ter afwering van elke ketterij, door ons menschelijk bewustzijn geeischt wierd . . . Zoo en niet anders is de scherpe formuleering tot stand gekomen, en elk pogen, dat thans weer wordt aangewend, om aan de klem dier scherpe formuleering te ontkomen, gaat bijna altijd uit van de heimelijke toeleg, om de waarheid der Heilige Schrifte weer terug te dringen . . .[37]. Wie ook maar enigsins op hoogte is van die Teologie in die algemeen van vandag, hoor in hierdie woorde van Kuyper die profeet aan die woord. En ons tref hierdie gedagtegang dikwels by Kuyper aan: mens kan nie op die klank af los en vas uit die Bybel siteer nie; dit hou nie rekening daarmee dat die gesag van die Skrif alleen bevestig word deur prinsipiële en goedineengevoegde afleiding uit die Skrif na analogie van die geloof; dit voed die ou dwaling asof dit wat logies uit 'n Skrifwoord afgelei word, minder waar sou wees as die Skrifwoord self[38].

Elders betoog hy dat die Skrif altyd die Skrif bly, die enige bron waaruit ons ons kennis van God kan put (dit gaan hier natuurlik oor die Teologie); en tog moet ons onthou dat die reuse arbeid wat die „gemeente" van alle eeue" gedoen het om die skatte van die Woord uit te delf en uit te sif, nie willekeur is nie, dog onder leiding van die Heilige Gees gebeur het. Hoe verwaand en ongerymd sou dit nie wees as „slappe en armbloedige deelen" van die kerk hul die reg sou aanmatig om met alles van nuuts af te begin sonder inagneming van die geskiedenis van die kerk[39].

Smilde spreek in die verband oor die neiging van die teoloë van ons tyd om op Calvyn en die 16de eeu terug te gaan sonder om eerlik aandag te gee aan die 17de, 18de en 19de eeu, bv. i.s. die verbondbeskouing, om te kom tot reformasie daarvan (vgl. hier ook die uitspraak van Polman). Oor hierdie neiging het Kuyper ook 'n oordeel gehad. Hy het naamlik daarop gewys in „De Leer der Verbonden" dat ons weet dat die belydenis van die leer van die werkverbond in sy breëre en uitgewerkte vorm van jonger dagtekening is en selfs by Calvyn en Zanchuis „niet aldus omstandig werd geleeraard". Maar dit is tog geen grond om so 'n leerstuk (soos van

Oosterzee gedoen het) te verwerp nie. Die Heilige Gees gaan tog, ook ná Calvyn, deur om in die kerk van Christus die waarheid wat in Christus is, steeds heerliker toe te lig. Kuyper illustreer die argument deur te wys op die dwaling van Arius. Die Godheid van Christus het in die hart van die kerk gelewe, maar het nog nie tot heldere afspiegeling gekom nie. En die verwerpers van Christus se Godheid het dit as bewys aangehaal dat die kerk dit nooit geleer het nie. Die kerk het hom egter hierdeur nie van die spoor laat bring nie, maar het Arius verwerp en het aangetoon dat die steeds helderder word van die waarheid van die Godheid van Christus in die hart van die kerk, die werk van die Heilige Gees is. Aangetoon is dat die ou belyders wel terdeë die wese van die saak bely het, maar die vaste vorm van die leerstuk nog gemis het. Min of meer dieselfde gang van sake konstateer Kuyper t.o.v. die verbonsleer. Eers in die stryd teen die Sociniane het vaste lig op die leer van die werkverbond begin val. Nou spreek dit vanself dat Calvyn en Zanchius en Ursinus, wat met Rome en die Anabaptiste die stryd aangeknoop het, nie die helder formuleringe oor die saak het soos die manne van die 17de eeu nie. En nou gebeur dieselfde as met Arius: op Calvyn en andere word 'n beroep gedoen om die leer van die werkverbond teen te staan en te ondermyn, en die kritici van Kuyper beweer daarmee dat hulle niks anders gedoen het as wat Calvyn gedoen het nie[10].

En nou merk Smilde m.i. tereg hieroor op: „Men past methodes toe in de behandeling van de geschiedenis van dogma en kerk, waartegen Kuyper terecht heeft gewaarschuwd. Men speelt citaten van Calvijn e.a. uit tegen uitspraken van 17de eeuwsche theologen. En men vergeet, dat door de tegenstelling met het *Remonstatisme* en *Labadisme* van den tijd na Calvijn latere theologen wel tot scherpere formuleering *moesten* komen in de leer van het genadeverbond en de wedergeboorte en den doop. Het gaat niet aan, die latere formuleering maar kortweg als scholastiek te verwerpen, omdat Calvijn ze nog niet kende. Tegen die methode waarschuwd Kuyper. Hij acht ze een miskenning van die leiding des Heiligen Geestes in de kerk. Zij is een „stap terug" in de ontwikkeling der kerk-historie, een willen terugdraaien van het rad der geschiedenis"[11].

Ek wil die baie verwysings en aanhalinge beëindig met te wys op 'n insiggewende en hoogstaande werk, nl. „De Reformatie, 29/10/37, Dr. A. Kuyper Herdenkingsnummer". Met gloedvolle woorde spreek uitgesoekte skrywers in deeglike artikels oor Kuyper: S. Greijdanus: „een begenadigde man Gods en kloek held, die met veel vrucht heefd mogen werken het werk des Heeren . . ."[12]. C. Veenhof: Die soewereiniteit in eie kring — 'n werklik enige artikel[13]. K. Dijk: De Loci van dr. A. Kuyper[14]. C. D. Boodt: Het Schriftbewijs van dr. A. Kuyper[15]. H. Dooyeweerd: Wat de wijsbegeerte der wetsidee aan dr. Kuyper te danken heefd". Ek haal daaruit aan: „. . . . zijn leer van de *radikale-anti-these* tusschen een wetenschap, die uit den Christelijken levenswortel en een zulke, die uit den afvalligen levenswortel opkomt, is inderdaad van *baanbrekende betekenis*. IK KEN GEEN TWEEDE GRONDGEDACHTE VAN EENIG CHRISTEN-DENKER UIT VROEGER EN LATER TIJD, DIE VAN ZULK EEN ONTZAGLIJKE DRAAGWIJDTE VOOR DEN OPKOMST EENER EIGEN CHRISTELIJKE PHILOSOPHIE KAN WORDEN GEACHT. De wijsbegeerte der Wetsidee heefd niets anders gedaan, dan deze anti-these-gedachte in Kuypers lijn door te trekken tot in *de innerlijke geledingen van het wijsgerige denken*"[16].

Dit is vir my nie moontlik om in die kort tyd tot my beskikking ook maar enigsins volledigheid in die stelling van die probleem te bereik nie. Daarom het ek met ruim aanhalings toegespits op dit wat die aksente so lê dat die probleem helder uit staan. Die gangbare waardering van Kuyper in ons kringe is m.i. gevaarlik gebaseer op napratery en nadinkery wat dit bring in die lyn van Polman se gedagtes; waarskynlik is in ons kringe ook werksaam die gedagtes aan Kuyper se skrifbewys en sy skolastiese tendense of dogmatiese skematisering. Ek wil, omdat ek reeds heelwat daaroor gesê het, kortliks wys op die implikasies en konsekwensies daarvan vir ons eie gereformeerde teologiese ontwikkeling.

In gereformeerde kringe moet dit inderdaad 'n vreemdeling in Jerusalem wees wat nie weet van die enorme ontwikkeling van die eksegese in die gereformeerde Teologie nie. Dit is gesond wetenskaplik om teenoor hierdie eksegetiese werk positief krities te staan, en hierdie eksegetiese werk moet ons op sy beurt gesond en positief krities laat staan teenoor Kuyper se Skrifbewys. Dit blyk dan ook dat Kuyper se eksegese in verskillende opsigte te kort geskiet het. Maar dit doen ons tog ook en moet ons ook doen met Bavinck en Calvyn en Augustinus én met Berkouwer. En dit gebeur tog ook wel regtens dat ons agter daardie teoloë se uitsprake 'n vraagteken plaas. In die vakontwikkeling sal niemand ons daaroor verkwalik nie, want dit is immers Teologie! Maar dit gee ons nimmer die reg om iemand sumier in 'n hoek te skuiwe en nie meer serieus met hom te reken nie. Tog gebeur dit met Kuyper en, as ek van Teylingen reg verstaan, is Bavinck miskien wel die volgende. Maar hoe kan soiets gebeur met Kuyper, aan wie se reformatoriese arbeid hierdie verhoogde en verfrissende teologiese werk in die eerste plek te danke is, soos Bavinck dit rondborstig toegegee het. Juis Kuyper het vir hierdie opbloei van die gereformeerde Teologie die groot stoot gegee. Trouens blyk uit sy werke en lewe 'n opvallend sterk kongenialiteit met die Skrif wat hom, ondanks „weinig tijd voor minutieuse onderzoek" (sy eie woorde aan Honig)[17] meestal tot verrasend korrekte uitleg en organiese interpretasie van die Skrif gebring het.

Ek is oortuig dat ons aan die argumente i.s. skoklastiek nie moet toegee nie; dit bring as konsekwensie dat ons dan ook Bavinck tersyde sal moet stel, soos van Teylingen dit inderdaad en onomwonde te kenne gee. En kan ons die sneeubal konsekwensies hiervan oorsien? Wie almal en wat alles sal dan nog onder die valbyl van „skolastiek" (en die betekenis wat daaraan geheg word is nie altyd dieselfde nie, juis omdat dit m.i. 'n soort „slogan" of slagspreuk geword het) onthoof word? De Graaf, Honig, J. V. Coetzee, „1905", Assen, Aalders en Genesis 1-3, die nuwere soort spekulatiewe skolastiek van die Vrygemaakte Gereformeerdes (van Teylingen)[18]. En as deur *ontskolastisering* die nuutverkrege kaderlose vryheid dan gevorder het tot die Dordtse Leerreëls, word hulle ook nie sonder „klere skeur" bevraagteken nie, wat meebring dat Augustinus en Calvyn saam met Kuyper aan die pen moet ry[19]. Ek bedoel nie dat ons skolastiese trekke by Kuyper moet ontken nie; hulle is daar en dit is werklik so dat Kuyper ook foute gemaak het en dit, tesame met skolastiese trekke het inderdaad beperkend ingewerk op sommige dele van Kuyper se teologiese arbeid. Daarop het Smilde en J. V. Coetzee tog ook gewys. Ook bedoel ek nie dat 'n verdediging van alles wat Kuyper gelewer het opgestel moet word nie of dat ons, soos dit graag genoem word, Kuyperiaans moet wees nie. Maar ek wys met klem daarop dat as Kuyper eers voor die grofgeskut van die „skolastiek-argument" geval het, Bavinck die volgende slagoffer is. Natuur-

lik kon Kuyper met hierdie argument makliker benader word omdat hy van die staanspoor van uit nie-gereformeerde hoek van skolastisisme en Neo-Calvinisme beskuldig is en ook omdat hy universeel-teoloog was. Die „skolastiek-argument" is immers daarop uit om onder die noemer „skolastiek" weg te doen met die tradisionele bindinge, kaders te deurbreek, sogenaamde nie-reformatoriese skolastiese skema's en teologiese sisteme tersyde te stel, los te kom van gangbare dogmatiese denkpatrone en die „gesag" van Kuyper en Bavinck te laat val. En juis dit hou sulke groot gevare in vir ons eie teologiese ontwikkeling en vir ons kerklike lewe en organisasie, wat immers deur die Teologie gedien moet word. Want as die „ontskolastisering" van ons Teologie in die sin van sekere progressiewe teoloë, waarheid moet wees, beteken dit onteenseglik die dood van Kuyper en daarmee van ons Afrikaanse gereformeerde siening op bv. die soewereiniteit van God (via Calvyn), die gesag van die Skrif, die soewereiniteit in eie kring, die Ensiklopedie, liturgie, homiletiek en 'n menigte ander sake. Dit sal ook die dood wees, is dit miskien al, van die mooi beginsels van die V.U. Dit sal eindelik ook en juis — wat 'n ironie — die dood beteken van Calvyn. Die volgende stap in hierdie argument is immers die teëstelling tradisioneel, spekulatief, skolasties én meer uit die Skrif, waardeur Kuyper radikaal losgemaak word van Calvyn; maar Calvyn sit weer vas aan die konfessie en die konfessie, uiteindelik, is die groot binding wat dit in hierdie vrymakingsproses (amper sê ek „uhuru") gaan ontgeld, as dit nie alreeds die geval is nie. Onherroeplik, ek weet dat ek nou in my redenasie 'n sprong maak, lei dit die gereformeerde Teologie in die lyn van die Teologie van die eksistensialiste, van die ontmitologisering van die Skrif en die ontpersoonliking van God.

Dat teoloë weer wil gaan luister na die Skrif, soos gesê word, kan ons almal van harte verwelkom. Dat met groter inspanning geworstel word met die Skrif, die openbaring van God, die waarheid in Christus, is en bly dié weg van die gereformeerde Teologie. Maar om dit te betitel as „opnieuw" gaan luister na die Skrif in teenstelling veral met Kuyper, is 'n onregmatige en onware teenstelling. Want dit is vir ons niks *nuuts* om na die Skrif te luister nie of met die waarheid in Christus te worstel nie; ons wou dit altyd en probeer dit altyd nog te doen. Dit is immers gereformeerde Teologie, maar dit het ons tog ook en in groot mate van Kuyper geleer.

My slotsom is:

1. Dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die gereformeerde Teologie soos dit deur ons beoefen word, dat ons kom tot 'n gedeë en onbevange herwaardering van A. Kuyper se teologiese werk.
2. Dit is wetenskaplik noodsaaklik en kerklik gebiedend dat ons Kuyper sal behou as 'n skakel, 'n groot en belangrike skakel in die gereformeerde Teologie van die eeue, sonder wie se arbeid ons armer is en agtergrondloos t.o.v. die nuwere rigtinge.
3. Dit is vir ons kennis en regte waardering van veral Bavinck en vir ons insig in moderne strominge en rigtinge noodsaaklik en profytlik dat ons Kuyper in die G.T.V. en in die Teologiese Skool bestudeer.
4. Dit is noodsaaklik dat ons in ons teologiese verweer teen die aanslae op die Skrif en die belydenis en in die behoud en uitbouing van ons Skriftuurlik gereformeerde Teologie in S.A. Kuyper gaan erken as 'n reformater van groot gestalte wat deur God geskenk is en wat deur die werkinge van die Heilige Gees, 'n arsenaal opgebou het waaruit ons ons nog met vrug kan bewapen.

Ek eindig met woorde van Herman Ridderbos wat ek hierbo aangehaal het: Dit is inderdaad bevrydend en verfrissend om weer die werke van o.a. Kuyper te lees. En dit hoef van ons nie Kuyperiane te maak nie, wat ons nie wil wees nie. Want ons wil tot die eer van God alleen eenvoudige, ootmoedige, gehoorsame en luisterende gereformeerde teoloë wees.

K. S. VAN WYK DE VRIES.

(Gelewer voor G.T.V., Potchefstroom, 17-1-67).

---

1. Prof. J. Helberg in 'n gesprek by G.T.V. vergadering te Pretoria.
2. A. D. R. Polman: *Christelijke Encyclopedie, IV*, bl. 351. 2de hersiene druk. Kok, Kampen 1959.
3. B. Wielenga: *Onze Cathechismus.*
4. W. H. Velema: *De Leer van de Heilige Geest bip Abraham Kuyper*, bl.

4a. E. G. van Teylingen: *Tussentijdse Balans*, bl.

5. K. Dijk: *Koerswijziging in onze Kerken?*, bl.
6. C. Veenhof: *De Reformatie*, 15/10/37, bl. 21.
7. C. Veenhof: *Predik het Woord* bl. 6.
8. V. Hepp: *Dreigende Deformatie IV, De Algemene Genade*, bl. 74: aangehaal in *De Reformatie* 12 10,37, bl. 90.
9. K. Schilder: *De Reformatie*, 15.10.37 - 4.3.38, bl. 90, 91.
10. J. V. Coetzee: *Die Kerkblad.*
11. S. Greijdanus: *De Reformatie*, 29.4.38 - 17.6.38.
12. C. Veenhof: *De Reformatie*, 3.6.38 - 15.7.38.
13. *a.w.* 3.6.38, bl. 329.
14. *a.w.* 24.6.38 bl. 353.
15. J. V. Coetzee: *Die Kerkblad.*
16. J. V. Coetzee: *Neo-Calvinisme Verbastering of regte ontwikkeling?*
17. J. V. Coetzee: *Geskiedenisversaking: Revisie van 'n „gekorrigeerde"* Brosjure van prof. S. P. Engelbrecht.
18. J. V. Coetzee: *Neo-Calvinisme*, bl. 14.
19. *a.w.*, b.l 15.
20. *a.w.*, bl. 15.
21. S. Greijdanus, *a.w.*, 29.10.37, bl. 34.
22. A. Kuyper: *Confidentie*, bl. 61, 63.
23. *a.w.*, bl. 97.
24. A. Kuyper: *Calvinisme en Revisie*, bl. 41.
25. A. Kuyper: *E Voto*, voorwoord.
26. D. Nauta: *Centraal Weekblad*, 17.12.66.

28. *Opmerkinge in De Reformatie*, 10.6.38, bl. 339.
29. H. Bavinck: *De Algemene Genade*, Zalsman, Kampen 1894.
30. Herman Ridderbos: *Gereformeerd Weekblad*, 2.12.66, bl. 146.
31. E. Smilde: *Een Eeuw van strijd over verbond en doop*, bl. 65. Vgl. vir bewysplekkie i.s. Bavinck se erkenning.
32. *a.w.*, bl. 69.
33. *a.w.*, bl. 71.
34. *a.w.*, bl. 74; sien daar vir bewysplekke uit die werk van Kuyper.
35. *a.w.*, bl. 78.
36. *a.w.*, bl. 78
37. *a.w.*, bl. 78.
38. *a.w.*, bl. 79.
39. *a.w.*, bl. 79.
40. *a.w.*, bl. 80.

41 tot 46. *De Reformatie*, 29.10.37.

47. *a.w.*, bl. 74.
48. E. G. van Teylingen, *a.w.*, bl.
49. K. Dijk, *a.w.*, bl.